

BEATRY'S

'n Middeleuse
juweel



ZA 839-112.2
BEATRY'S

Afrikaans oornventel

Dr. P. C. Schoonheer

BEATRYS—
'N MIDDELEEUSE JUWEL

DIE MONUMENT-REEKS.

'n Serie populêr-wetenskaplike boekies oor al die aspekte van ons Afrikaanse Kultuurlewe: geskiedenis, godsdiens, letterkunde, opvoedkunde, taalkunde en kuns.

- | | | |
|-----------|--|-----|
| No. 1 | Die Geboorte van Suid-Afrika.
'n Simboliese toneel-
spel, deur W. Hessels | 2/- |
| No. 2/3 | Trekvoëls.
deur Sangiro | 3/- |
| No. 4 | Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers.
deur J. van Melle | 2/- |
| No. 5/6 | Die Afrikaanse Psalm-beryming.
deur Dr. G. Dekker | 3/- |
| No. 7/8 | Die Epos van Trichardt en Van Rensburg.
deur
Dr. Manfred Nathan | 3/- |
| No. 9 | Beatriss. 'n Middel-
eeuse Juweel
In Afrikaans oorvertel deur
Dr. P. C. Schoonees. | 2/- |
| No. 10/11 | Opstelle oor Poësie
deur H. A. Mulder | 3/- |
| No. 12 | Nog in bewerking. | |
| No. 13/14 | Die Nuwe Testament
deur die eeue bewaar,
deur Prof. Dr. E. P.
Groenewald | 3/- |
| No. 15/16 | Die Moderne Opvoeding. deur
Prof. Dr. J. C. Coetzee | 3/- |

Uitgewers:

J. L. VAN SCHAİK, BPK.,
Libri-gebou,
Posbus 724, — — — — — PRETORIA.

BEATRYS — 'N MIDDELEEUUSE JUWEEL

In Afrikaans Oorvertel

deur

Dr. P. C. SCHOONEES.



J. L. VAN SCHAIK, BEPERK, PRETORIA

1939

Ek vertrou dat die Afrikaanse bewerking baie lesers sal aanspoor om die oorspronklike gedig te gaan lees. Belangstellendes moet ook nie versuim om kennis te maak nie met die skone vertolking van die legende in versvorm deur die Nederlandse digter, P. C. Boutens.

P. C. S.

Ter Inleiding.

Waarom moet die skitterendste juweel van die Middelnederlandse letterkunde sy glans alleen versprei onder 'n klein kringetjie vakgeleerdes? Dit is die gedagte wat my aangespoor het om die wonderskone Beatrys-legende oor te vertel in Afrikaans. Die verhaal is so eenvoudig, dat dit die hart van elke leser diep moet raak.

Soos baie ander digters uit die middeleeue, het ook hierdie een, ten spyte van naartige ondersoekings, onbekend gebly. Die digter van Beatrys het dan ook nie eie-eer gesoek nie, soos ons uit die aanhef kan sien. Hy het goed geweet dat daar min voordeel te haal is uit versies-maak, maar hy het sy verhaal opgeteken ter ere van die Moedermaag, Maria.

In die tyd toe die Beatrys gedig is (eerste helfte van die veertiende eeu) het die christelike godsdiens feitlik bestaan uit Maria-verering. Maar ofskoon ons al lankal afstand gedoen het van Roomse dwaalbegrippe, tog behou hierdie gedig vir ons sy volle waarde. Ons ontmoet daarin 'n vrou, wat ter wille van haar liefde alles kan opoffer, behalwe haar godsdiens. En dit is deur haar liefde tot God, geopenbaar deur die tussenkoms van Maria, dat sy uiteindelik opgehef word uit die diepste moerasse van die sonde. Geweldig is inderdaad die stryd tussen die geestelike liefde van die non Beatrys en haar aardse hartstog. Laat ons met innige, toegewyde aandag luister na hierdie eenvoudige verhaal, so lank gelede vir ons opgeteken deur 'n waaragtige kunstenaar.